

MEDIA STATEMENT – CASE HEARING IN SUPREME COURT OF APPEAL

Karl Gerber v Die Staat

Supreme Court of Appeal -353/2005

Hearing date: 03 March 2006

Judgment date: 23 March 2006

Eerste oortreder skuldig bevind aan motordiefstal - duikklopper - geld as verswarende omstandigheid - geen besondere versagende persoonlike omstandighede - vonnis van tien jaar waarvan drie opgeskort treffend onvanpas in lig van huidige vonnisvlakke - vonnis vervang met een van sewe jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar opgeskort.

Media Summary of Judgment

Die Hoogste Hof van Appèl het vandag 'n appèl teen die vonnis van 'n duikklopper op 'n aanklag van motordiefstal gedeeltelik gehandhaaf. Die vonnis van tien jaar gevangenisstraf waarvan drie jaar opgeskort is, is verminder na een van sewe jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar opgeskort is.

Die Hof wys daarop dat dit 'n verswarende omstandigheid is dat die appellant sy kundigheid as duikklopper gebruik het om die identiteit van 'n voertuig so te verdoesel dat dit vir 'n ander, wettig geregistreerde, voertuig aangesien sou word en van 'n vervalsing van die ander voertuig se lisensieskyf voorsien kon word.

Die Hof gee 'n kort oorsig van huidige vonnisvlakke vir motordiefstal en kom tot die gevolgtrekking dat gangbare vonnisse vir hierdie soort oortreding dramaties toeneem het.